NG KERK HARTBEESPOORT

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

Sluitingsdatum: **15 Maart 2024**
Diesnaanvaarding: **1 Oktober 2024**

Die kerkraad stel in biddende afhanklikheid en onder die leiding van die Heilige Gees die volgende pos aan gelegitimeerders met volle ampsbevoegdheid bekend. Hierdie pos bied ‘n kosbare geleentheid aan ‘n leraar om sy/haar bediening te verryk binne ‘n gemeente met ‘n hart vir God, mekaar en die wêreld.

1. GEMEENTEPROFIEL:

‘n Plattelandse gemeente (1778 belydende- en 485 dooplidmate), maar met die stad se hartklop: vernuwend, opbouend, dinamies en aktief. Ons is geleë aan die voet van die pragtige Magaliesberge, teen die Hartbeespoortdam. Hartbeespoort word gereken as een van die vyf groeipunte in ons land. ‘n Kosbare gemeenskap met goeie kleuter, laer- en hoërskole. Ons is naby Pretoria, Sandton, Pilanesberg en Rustenburg geleë, maar ons eie dorp beskik oor alles wat ‘n mens nodig het en spog met ‘n klomp interes-sante ontspanningsgeriewe, buitelugaktiwiteite en restaurante. Baie van ons lidmate werk in Pretoria, Rustenburg en Johannesburg, maar Harties, is waar hulle HART en HUIS is.

2. LERAARSPROFIEL:

Enige gelegitimeerde leraar van die NG Kerk, wat aan die vereistes voldoen, word uitgenooi om in biddende afhanklikheid aansoek te doen. Die volgende profiel dien as ‘n riglyn vir voornemende aansoekers, binne die konteks van Artikel 9 met die fokus op:

Prediking:

- ‘n Leraar, wat ‘n suiwer gereformeerde teologie volg en dit entoesiasties en verstaanbaar oordra op ‘n wyse, wat die daaglikse uitdagings van lidmate aanspreek.
- ‘n Leraar wat gemaklik is met die gebruik van sosiale media, asook multimedia, om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun.
- ‘n Leraar met waardering vir die rol van musiek binne die erediens, in ag genome die groot rol, wat diverse musiek en lofprysing binne die huidige gemeente-opset en eredienste, speel.

Leierskap:

- ‘n Leraar, wat as geestelike leier, die gemeente kan bedien, om te groei in hul spiritualiteit en hul so te energeer tot ware ligdraers.
- Die vestiging van die geestelike jaartema en die uitbou en bemagtiging van geestelike leiers in die gemeente.
- ‘n Leraar met ‘n bewese vermoë om effektief in ‘n span te werk, maar wat ook indiwidualiteit toon om ‘n impak t.o.v. gemeente-ontwikkeling, die groei van lidmate en die bywoning van die eredienste en ander kerkaktiwiteite te maak.

Spiritualiteit:

- ‘n Leraar, wat vernuwend en toekomsgerig, die gemeente kan inspireer om die koninkryk prakties te verwesenlik.

Verhoudings:

- Die opbou en handhawing van goeie verhoudings met ‘n fyn aanvoeling vir die diverse behoeftes en strewe van die volledige spektrum van gemeentelede, asook nie-gemeentelede en die groter gemeenskap van Harties.

Bedieninge:

- Fokus op die opbou, uitbou en instandhouding van ons bedieninge.
- Die profiel kan behels: ‘n indiwiduele leraar of moontlik ‘n leraarsegpaar (waar beide eggenote predikante is).
- Aansoekers kan hulself van die profiel, werksaamhede of besonderhede van die NG Kerk Hartbeespoort op die gemeente se webblad: www.hartiesng.org vergewis.

3. VERGOEDING EN BEHUISING:

- Volgens sinodale skaal.
- ‘n Groot en baie gerieflike pastorie is op die kerkterrein beskikbaar.

4. AANSOEKE:

- ‘n Volledige CV, met verwysing na verdere opleiding en bedieningshoogtepunte (nie langer as vier bladsye nie).
- Ten minste twee referente moet ingesluit wees.
- ‘n Kort video, waarin jy jouself bekendstel en met ons deel waarom jy vir die pos aansoek doen.

- Kandidate moet vir ‘n onderhoud en die bywoning van ‘n Harties-erediens beskikbaar wees. (Verblyf en reiskostes word voorsien)

Die aansoekvorm en video-opname moet gestuur word na: **Pieter Brynard by admin@hartiesng.org Selfoon: 082 417 2774**

Deur die indiening van die CV, gee die kandidaat toetstemming dat die inligting, soos in die CV vervat, onderworpe is aan die terme en voorwaardes van die Popi-wetgewing. Alle inligting sal vertroulik hanteer word en slegs deur die NG Kerk Hartbeespoort vir die beroepingsproses, gebruik word.

5. NAVRAE:

Voornemende aansoekers wat meer inligting wil bekom, kan enige tyd

- die huidige leraar, ds. Johan de Wet 082 446 5225 / leraar@hartiesng.org of
- die administratiewe bestuurder, Pieter Brynard 082 417 2774 / admin@hartiesng.org telefonies of per e-pos kontak.

Die kerkraad behou die reg voor om nie te beroep nie.